SWELLENDAM
MUNICIPALITY/MUNISIPALITEIT/MASIPALA

+27 28 514 8500
info@swellenmun.co.za
swellenmun
www.swellenmun.co.za
+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

**KENNISGEWING 8: MUNISIPALE REGULASIES VIR DIE KORONAVIRUS (COVID-19) EN DIE AFKONDIGING VAN 'N NASIONALE RAMPTOESTAND (SIEN VOLLE GAZETTE KENNISGEWING AANGEHEG) NASIONALE INPERKING (LOCKDOWN).**

Neem asseblief kennis dat die volgende regulasies onmiddellik van krag is ingevolge bogenoemde regulasies en die afkondiging van die nasionale inperking.

1) Aangesien alle munisipale kantore gesluit is moet alle betalings vir rekeninge of boetes dmv EFT, direkte deposito of by die bestaande betaalpunte betaal word.

   Ons versoek u vriendelik om u munisipale rekening op datum te hou deur betaling via EFT of by een van die onderstaande betaalpunte. Die diensverskaffer wat ons munisipale rekeninge lewer en versprei sal nie harde kopieë van die Maart-rekeninge kan uitstuur nie. As u nie u rekening ontvang nie, gebruik asseblief u Februarie-rekening as riglyn.

   Geen rente sal gehef word op agterstallige debiteure vir Maart en April 2020 en geen krag en water sal nie beperk/geblok word nie. Indien u by 'n klein dienswinkel koopkrag koop en dit is onsuksesvol, is dit nie omdat u krag geblok is nie, maar omdat die winkeleienaar nie vooraf koopkrag - voorraad aangekoop het nie. Probeer dan een van die ander gemagtige diensverskaffers.

   **Bankbesonderhede is soos volg;**

   **Elektroniese betalingsopsies vir munisipale rekeninge**
   Absa Bank: Rekeningnommer: 2390560039 en Takkode: 632005
   Verwysingsnommer: munisipale rekeningnommer

   **Elektroniese betaling van Verkeersboetes**
   Absa Bank: Rekeningnommer: 2390560039 en Takkode: 632005
   Verwysingsnommer: boete/kennisgewingnommer

   **Ander betaalpunte:**
   Checkers
   Poskantoor
   Spar
   www.easypay.co.za

2) **Voorafbetaalde elektrisiteitaankope (Koopkrag)**
   Beskikbaar by alle bestaande kleinhandel verkopers asook sup.payportal.co.za en alle banktoepassings.

3) Ingevolge nuwe regulasies moet alle vullis in die munisipale swartsakke wat driemaal per jaar verskaf word, geplaas word. As vullis nie in swartsakke gesit word nie sal vullis nie verwyder word nie. Boetes sal uitgereik word aan huishoudings wat nie vullis in swartsakke sit nie.

4) Tydens die nasionale inperkingstydperk maan die Munisipaliteit dat huishoudings nie vir haweloses kos of geld moet gee nie. Railton Gemeenskapsaal word gebruik as die tydelike huisvesting vir haweloses in die munisipale distrik. Alle skenkings kan met Mnr Herman Smit op 083 788 3365 gereël word. Kontantskenkings kan ook gemaak word. Bank besonderhede vir kontantskenkings is soos volg;

   SWD Relief Fund
   Nedbank
   Rekeningnommer: 113 785 9571

5) Ons herinner inwoners aan die beperkings rondom begrafnisse in ons vorige kennisgewing;

   Begrafnistye word daagliks ingestel en moet vooraf bespreek word met Gemeenskapsdienste;

   a. 10:00
   b. 11h00
   c. 12h00
   d. 13:00
   e. 14h00
   f. 15h00
   g. 16h00

   i) Die bywoning van begrafnisse is beperk tot 50 persone insluitend die begrafnispersoneel, voorsittende priester, pastoor, diaken of geloofsverteenwoordiger. Dit sal kore en opsigters en ander personeel insluit wat normaalweg met sulke gedenkdienste verband hou.

   ii) Geen nagwake word toegelaat nie. Geen uitsonderings sal gemaak word nie.

   iii) Huisdienste vir begrafnisse is eweneens beperk tot hoogstens 50 persone mits die gesondheids- en fisieke beperkings toegepas kan word, sanitasie van toepassing is en voldoende ventilasie voorsien kan word. Dienste mag nie langer as 45 minute duur nie.

   iv) Die Stoet moet direk van die huisdiens na die begraafplaas beweeg in soverre dit moontlik is. Die begrafnisdiens tot en met die teraardebestelling moet nie langer as 45 minute duur nie.

Ingevolge die Staatskoerantkennisgewing **is dit nou 'n kriminele oortreding** as 'n persoon/persone/maatskappy, 'n lokaal of 'n gebeurtenisorganiseerder of 'n party voortgaan met 'n funksie of aktiwiteite wat in stryd is met hierdie kennisgewing. **Dit is 'n kriminele oortreding as 'n persoon of persone simptome ontwikkel soos aangedui en nie na vore kom** of as sodanig aan 'n erkende geneesheer identifiseer ten einde voorkomende, versagtende stappe te neem nie. Swellendam Hospitaal is 'n aangewese fasiliteit vir die sifting en toetsing van COVID-19. Kontak u mediese praktisyn, kliniek of die Swellendam Hospitaal indien u simptome toon of noue kontak gehad het met iemand wat die simptome mag hê. Kontaknommers word hieronder gelys.

Dit is belangrik om daarop te let dat die regulasies bepaal dat enige persoon/persone, /organisasies wat poog **om fopnuus te bevorder of versprei, ook skuldig is aan misdryf.**

Oortreding van hierdie regulasies kan **tronkstraf van ses maande of swaar boetes tot gevolg hê.**

**BELANGRIKE KONTAKNOMMERS:**
Amptelike Nasionale Tolvrye Inbelsentrum; 0800 029 999
Provinsiale Inbelsentrum; 021 928 4102

Amptelike WhatsApp Hulpdiens (stuur 'Hi' aan 0600 123 456 op WhatsApp of https://wa.me/27600123456?text=Hi)
Kliniese Blitslyn is beskikbaar op 082 883 9920
Swellendam Hospitaal; 028 514 1140

**Klinieke**
Swellendam Hospitaal Buite-pasiëntkliniek; 028 514 8450
Railton Kliniek; 028 514 2995
Barrydale Kliniek; 028 572 1459
Buffeljagsrivier Kliniek; 028 512 3453
Suurbraak Kliniek; 028 522 1640

Inwoners word aangeraai om sosiale afstand en 'n groter bewustheid van sosiale higiëne te beoefen deur;

- was hande gereeld met seep en water vir ten minste 20 sekondes of met hand sanitiseerders;
- bedekking van die neus en mond as u hoes en nies met 'n sneesdoekie of 'n geboë elmboog;
- vermy naby kontak met iemand met verkoue- of griepagtige simptome
- alle individue wat die afgelope 28 dae van enige buitelandse bestemming teruggekeer het, word sterk aangeraai om 14 dae self-kwarantyn toe te pas en om die COVID-19-toets te ondergaan met die eerste teken van enige griepagtige simptome.
- As u simptome het, moet u die saak aan 'n geneesheer rapporteer wat u sal bystaan met toetsing en sifting, waar nodig.

**Uitvoerende Burgemeester**
**Nicholas Myburgh**

**Anton Groenewald**
**Munisipale Bestuurder**

(30 Maart 2020)